UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

FACULTY	**EDUCATION AND HUMAN SCIENCES**		
SCHOOL	**EDUCATION**		
DEPARTEMENT	**EARLY CHILDHOOD EDUCATION AND CARE**		
MODULE CODE	**LAD 3800**		
MODULE NAME	**AFRIKAANS LANGUAGE EDUCATION 4**		
DATE	**NOVEMBER 2025**		
DURATION	**2 Hours**	**MARKS**	**75**

FIRST OPPORTUNITY

Examiner: Dr. Jessica Jansen (UNIVERSITY OF NAMIBIA)

Moderator: Me Mariska Ellis (UNIVERSITY OF PRETORIA)

This paper consists of **4 pages** including this cover page.

Instructions

1. **You must answer all the questions.**
2. **Number your questions correctly.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Always adhere to examination rules.**

UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATIONS

VRAAG 1

Beantwoord die volgende vrae deur die mees gepaste opsie te kies. Skryf slegs die nommer en die letter neer, bv. 1.1 e

1.1 Die verkleiningsvorm van skilpad, is...

a. skilpadjie
b. skilpaadjie
c. skipadtjie
d. skilpaadtjie

1.2 Die meervoud van hemp is .....

a. hempe
b. hemde
c. hempde
d. hemppe

1.3 Gee 'n sinoniem vir die onderstreepte woord:
Hy het *hartseer* van die verhoog af weggestap.

a. woedend
b. bedroef
c. desperaat
d. verslae

1.4 Identifiseer die tipe sin: Die vraag is of hy wil saamgaan.

a. Bevelsin
b. Uitroepsin
c. Vraagsin
d. Stelsin

1.5 Woorde soos *hart* en *hard*, word .....genoem.

a. sinonieme
b. antonieme
c. homonieme
d. homofone

[5]

Vraag 2 **Kortvrae**

2.1 Wat beteken die volgende idiome? (2)

a) Hy slaan die spyker op die kop.

b) Soos 'n vis in die water .

c) "Sy oë was groter as sy maag kyk hoeveel kos is op sy bord gelaai."

d) Die kat uit die boom kyk.

2.2. Ons sê: ***'n Leër soldate***. Voltooi die onderstaande versamelname. Skryf slegs die nommer en die antwoord, bv. 2.2.5 bondel (2)

2.2.1. 'n ..... blomme
2.2.2. 'n ..... katjies
2.2.3. 'n ..... rowers
2.2.4. 'n ..... woonstelle

2.3. Dui die onderskeie dele van die onderstaande sin aan en motiveer waarom dit as 'n *saamgestelde* sin gesien word. (3)

Hy eet sy middagete en was die skottelgoed.

[7]

VRAAG 3 Klasklamerpraktyk

3.1. **Lees die volgende teks. In sommige vrae word die teks as uitgangspunt gebruik. Beantwoord in volsinne, behalwe waar anders vermeld.**

Met my hande (Uit DJ Opperman se Kleuterverseboek)

Met my hande klap, klap, klap,
met my voete stap, stap, stap.
Ek kan my knieë knik, knik,
met my vingers tik, tik.
Altwee arms lig ek op,
daarmee raak ek aan my kop,
met my mond tel ek tot tien,
met my oë kan ek sien,
alles om my kan ek hoor,
want ek luister met my oor!
My speelgoed sal ek sommer los,
want my neusie ruik die kos!

3.1 Verduidelik breedvoering wat jy verstaan onder die onderrigstrategie, TFR (TOTALE FISIEKE REAKSIE/RESPONS (Total Physical Response) en gee drie duidelike voorbeelde van hoe jy dit kan toepas in die Graad 2-klas aan die hand van die bostaande rympie. (6)

3.2 Wat behels **moedertaalonderrig** en watter uitdagings staar die JP-onderwyser in die gesig in weens hierdie beleid? (6)

3.3 Definieer kodewisseling en dui aan hoe dit sinvol in die JP- fase gebruik kan word? (5)

3.4 Noem agt voordele van 'n tematiese, geïntegreerde benadering? (8)

3.5. Identifiseer en omskryf twee strategieë om taal in 'n multigraadklaskamer toe te pas . (6)

3.6 Ontwerp 'n plan vir effektiewe klaskamerbestuur vir jou spesifieke klas: watter reëls, roetines en motiveringsmetodes sou jy insluit en hoekom? (9)

[40]

Vraag 4 Onderrig en leer

4.1. Skryf jou eie storie of rympie vir Graad 3 *en* ontwerp *gedifferensieerde* woordbou aktiwiteite vir elke dag van die week met die teikenklank *-aai.* Gebruik jou storie of rympie as uitgangspunt (konteks). (15)

Gedifferensieerde Woordbou Aktiwiteite – Teikenklank: .....

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag

4.2. Dit is noodsaaklik om goed te besin wanneer eerstetaalonderrig (T1) en tweedetaalonderring (T2) aangepak word. Jy moet deeglik bewus wees van die verskil in vermoëns van jou leerders ten opsigte van eerstetaalonderrig en tweedetaalonderrig.
Dui aan hoe die fokus in dié twee vlakke van onderrig kan verskil. (8)

[23]

TOTAAL = 75